
# The SOUTHERN AFRICAN DIVISION OUTLOOK




VOLUME XXXII KENILWORTH, CAPE, NOVEMBER 1, 1934 NUMBER 26

(Registered at the General Post Office as a Newspaper)


# Our Aviation Department

## W. A. Spicer



THE Spirit of prophecy is a wonderful maker of phrases. It speaks so often in word pictures that we cannot forget. Picturing the spread of the truth-filled pages over all the lands, the Spirit of prophecy says: "The press is in need of men to use it to the best advantage, that the truth may be given wings to speed it to every nation, and tongue, and people."—*"Gospel Workers," page* 505.


What a picture of the truth winging its way over all the lands, and it is a colporteur army that is chiefly set to give the truth the wings. I think, then, we shall have to count the colporteur work the Aviation Department of the movement.

May God greatly increase these aviation squadrons in all our fields. The time has come for the wings of our publishing work to spread for swifter, stronger, further flight.

Some recent reports of colporteur evangelism are fairly startling. They show how swiftly the witness is being given to all nations.

In all lands the Spirit of God is preparing honest hearts to say "yes" as the messengers come with the spoken word or with the silent messengers of the printed page.

Thank God for the force that can give wings to the books of truth. Set the wings, O men of the printed page! Spread them for the flight that shall never tire and never cease till every people, at home and abroad, shall have the message in their own tongue.




GENERAL CONFERENCE LIBRARY
TAKOMA PARK, WASHINGTON, D. C.

## Divisional Aviation

F. E. POTTER



ON the wall above me, as I write, is a photo of the pioneers of colportage in this Division. They blazed the trail back in 1890 and from it have sprouted other smaller trails, leading into practically every part of this field, through the years. Truly the literature ministry is giving wings to the gospel in this Division of long distances.

Looking at the record of actual sales from 1916 (as far back as existing records take us) we see a steady rise every five year period since that time. The second five years show an increase of almost £4,000 over the first. The third period tops the second by well over £5,000, while the past three years and ten months maintain the ratio of progress in spite of the three years of financial depression we have recently passed through.

When we reckon in terms of distances the progress is even more encouraging. The northernmost point of our territory, in a "fly-as-the-crow" line, is 2,632 miles distant from Cape Town, while from east to west, at the middle of our field, the distance is 1,880 miles. This vast area is made up of wide plains sprinkled with farm homesteads here and there; dense forests peopled by the most primitive human beings; mountain ranges where caves and holes give habitation to others; vast expanses of inland sea on which liliputian steamers ply to and fro with merchandise and human freight; mines of gold, of copper, and of coal where thousands upon thousands of white men and black pop in and out of the earth like moles; and huge native reserves where conditions would seem homelike to the tribesmen of Abraham's day. And then there are the cities, the towns, the villages, the hamlets, and the floating homes that call at the harbours dotted over Africa's rocky coast line. In all these places you will find the printed page bearing the gospel message for this time. There is room for more—granted. But the marvel is that it *is* to be found in these widely separated areas and diverse places. When we consider the rapid work being done here in our own Division by the printed page as a truth carrier we feel that Elder Spicer has aptly termed the literature ministry the Aviation Department of this great world movement.

I know I am expressing the mind of the Southern African Aviation Squadron when I say that we are one and all determined, by God's enabling grace, to spare no effort in keeping the printed page on the wing in this big field until the end. Our readers can help us by holding up the standard of this sacred and important branch of the Lord's work in their homes, their churches, and their neighbourhood—and by daily invoking the blessings of heaven on the faithful men and women who bear the brunt of the battle bravely and cheerfully.

## Make the Contact

A. FLOYD TARR



WHAT would the advent movement be without its literature? As one looks out across the world-wide field and tries to measure the lines of human endeavour which have contributed toward its progress one cannot but be impressed with the incalculable part that its literature has played. From the very beginning no stone has been left unturned in an endeavour to place before the public in printed form the fundamental principles of our belief. It was not possible to fill the world with preachers, and yet there was a message that demanded immediate and universal publicity. It was to literature that the pioneers turned to find a form of preaching equally as forceful and more far-reaching than anything that could be done by the living preacher. In this they were acting under the direct instruction of the Lord, for in 1848 there came the message through the Spirit of prophecy:

"You must begin to print a little paper and send it out to the people. Let it be small at first; but as the people read, they will send you means with which to print, and it will be a success from the first. From this small beginning it was shown to me to be like streams of light that went clear round the world."—*"Life Sketches," page* 125.

In literal fulfilment of this prediction, advent literature has since found its way to the remotest corners of the world, and wherever it has gone it has done its work.

The Protestant Reformation owed its ultimate triumph largely to the printing press. The discovery of printing seemed in the Providence of God to coincide with the special need of that time. Of the second advent the Spirit of prophecy records: "The message of truth is to go to all nations, tongues and people; its publications, printed in many different languages, are to be scattered abroad like the leaves of autumn."—*"Testimonies," Vol. IV, page* 79. The millions of books, tracts, and periodicals dispatched to the remotest corners of the globe from the printing presses of the advent people constitute in no small degree the "loud voice" of the third angel's message.

Surely the dispensing of such a life-giving agency is deserving of the whole-hearted support of every church and company and isolated believer among the advent band. The flow of gospel literature from the printing press to the public must be by way of the church membership. The presses are doing their work,—spirit filled literature is available in abundance—and people everywhere, in every walk of life, are waiting to receive it; but the medium of contact, the channel through which the literature must flow should be greatly enlarged. The call of the hour is for men and women in every community who will make the contact, and ensure that the life-giving stream shall not be stemmed as it passes their way, but that it may have the same rich, full flow from them to the people that it has from the printing press to the church. The influence of this literature will never be fully known until its work is done.

## The Base Aerodrome

J. G. SLATE



IT is not often that we at the base soar into print, but the aviation spirit seems to have gripped us, as well as the rest of the force, and so lent wings to our thoughts—hence this message. It is pretty humdrum work down here, with the same old click-clacking machinery playing a tattoo in our ears day after day. There is nothing very inspiring in watching the printed leaves falling with monotonous regularity from the presses. Despatching case upon case of books, and packet upon packet of periodicals, doesn't supply much romance, does it? But—romance does grip us down here at times. How? Why—by the despatches from the "flight leaders" in the field. As they tell us of the wonderful victories won from time to time; of the exciting bombing raids over the enemy's lines; and of the thrilling encounters experienced by our aviators, our hearts rejoice in the fact that it is we at the base aerodrome who manufacture and send up the ammunition. So we are happy in the part we have in this great work of winging the gospel on to final triumph. We feel the time is ripe for a greater use of our literature by the laity. If only *each* European reader of the OUTLOOK sold 5/- worth of our literature every month it would mean an increase in sales of £6,000 a year—and a corresponding gain in souls, for there has never been a shadow of doubt that our literature is a prolific winner of souls.

Rest assured we shall never fail the Aviation Department in the supply of ammunition. You folk keep firing it, and you'll find the old Sentinel Publishing Company will be like the widow's cruse—a never failing source of supply.

God bless the men and women of the

(*Continued on page 4*)

"WE NEED TO REALISE THE IMPORTANCE OF THE CANVASSING WORK"

# Ons Lugvaart Afdeling

W. A. SPICER

DIE Gees van profesie is 'n wonderbare woordkunstenaar. Daarin word segswyses gebesig wat ons nie lig vergeet nie. Waar daar gepraat word van die verspreiding van die waarheid, deur middel van leesstof, na alle lande, sê die Gees van profesie: „Die drukpers het manne nodig wat die volste gebruik daarvan sal maak, teneinde die waarheid *van vlerke te voorsien* sodat dit na elke nasie, tong, en volk kan gaan."—*„Gospel Workers," bls.* 505.

Stel u die waarheid voor, vliegende na alle lande; en dit is 'n leër van kolporteurs wat die vlerke voorsien. Ek dink dus, ons moet die kolporteurswerk die lugvaart afdeling van ons beweging noem.

Mag God hierdie lugeskaders in alle dele grootliks vermeerder. Die tyd het aangebreek dat die vlerke van ons uitgewersdepartement vinniger, kragtiger, en verder moet vlieg.

Onlangse rapporte aangaande kolporteurevangelisasie is taamlik verrasend. Dit toon aan hoe vinnig die waarskuwing aan alle volke gegee word.

In alle lande berei die Gees van die Here harte voor, sodat hulle die getuienis van die gepredikte Woord, of die stille boodskap van ons blaaie kan aanneem.

Dank die Here vir die manne wat ons boeke, vol waarheid, van vlerke voorsien. Berei die vlerke voor o, manne van die gedrukte woord! Sprei uit die vlerke wat nooit sal moeg word nie en nooit sal ophou nie voordat alle mense, tuis en elders, die boodskap in hulle eie taal het nie!

❂ ❂

# Die Lugdiens in die Divisie

F. E. POTTER

AAN die muur bokant my, hang 'n prent van die baanbreker kolporteurs van hierdie Divisie. Hulle het die weg al in 1890 gebaan, en sedert daardie tyd het die werk uitgebrei na feitlik alle dele van hierdie veld. Ja waarlik, die leesstofbediening verleen vlerke aan die evangelie in hierdie Divisie van lang afstande.

Waar ons die rekords vanaf 1916 (dis so ver as hulle gaan) nagaan, bespeur ons, sedert daardie tyd, elke vyf jaar 'n gestadige vermeerdering. Die tweede vyf jaar periode toon 'n vermeerdering aan van byna £4,000 oor die eerste. Die derde periode oortref die tweede weer met oor die £5,000, terwyl die laaste drie jaar en tien maande tot dus ver ook 'n vermeerdering aantoon ten spyte van die hewige depressie wat ons deurgemaak het.

As ons die afstande inagneem dan is die vordering wat ons gemaak het nog meer verbasend. Die mees noordelike deel van ons veld, in 'n reguit lyn, is 2,632 myl van Kaapstad af, en die wydte van die veld van oos na wes deur die middel, is 1,880 myl. 'n Groot oppervlakte van uitgestrekte vlaktes met hier en daar 'n plaashuis; ruie bosse, bewoon deur die mees veragterlike wesens; bergreekse, met grotte en skeure, waar weer andere woon; binnelandse mere, waarop klein stoombote vaar; goudmyne, kopermyne, en steenkoolmyne waar duisende naturelle en blankes in- en uitgaan soos molle; groot naturelle reserwes, waar toestande soos in die dae van Abraham heers; en dan is daar die stede, dorpe, nedersettings, en die drywende wonings wat ons hawens besoek, langs die rotsagtige kuslyn van Afrika. In al hierdie plekke sal u ons waarheidbevattende blaaie vind met die boodskap vir hierdie dae. Ons kan nog meer uitbrei—dis waar. Maar dis 'n wonderwerk dat ons blaaie wel in hierdie ver-afgeleë en ver van mekaar verwyderde plekke aangetref word. As ons inagneem hoe vinnig die waarheid deur ons blaaie in ons Divisie versprei word, dan voel ons dat Leraar Spicer dit baie raak gesê het, toe hy die leesstofbediening die Lugvaart Afdeling van hierdie groot wêreldbeweging genoem het.

As ek sê dat ons almal gedetermineerd is, deur Gods genade, om ons drukwerk in hierdie groot veld aan die vlieg te hou tot die einde, dan weet ek dat ek die gevoelens van ons Suidelike Afrikaanse Lugvaart Eskader weergee. Ons lesers kan ons help om hierdie belangrike en heilige werk te verhef in hul huise hul kerke, en hul buurt, en ook om daeliks te bid om Gods seën op die getroue manne en vroue wat die stryd so moedig voortsit.

❂ ❂

# Kom in Aanraking met die Mense

A. FLOYD TARR

WAT sal die adventbeweging wees sonder sy leesstofbediening? As mens so oor die wêreldveld uitkyk en die verskillende werksaamhede gadeslaan wat bygedra het tot die vooruitgang van die beweging, dan kan mens nie help om die vername rol op te merk wat ons leesstof daarin gespeel het nie. Van die begin af aan was alles gedaan om ons leerstellings onder die aandag van die publiek te bring. Dit was nie moontlik om die wêreld met predikers te vul nie, en nogtans was daar 'n boodskap wat na die hele wêreld moes gaan. Die ou baanbrekers het hul toevlug na die drukpers geneem, en in die vorm van leesstof het hulle predikers gevind wat net so magtig was en net so doeltreffend as lewende predikers. Hierin het hulle onder direkte leiding van die Here gestaan, want in 1848 het die volgende boodskap van die Gees van profesie gekom:

„Julle moet 'n blad begin druk en dit onder die mense versprei. Laat dit maar in die begin klein wees; dog wanneer die mense begin lees, sal hulle vir u geld stuur om dit uit te brei. Dit sal van die begin af 'n sukses wees. Dit was aan my getoon dat van hierdie klein begin daar eindelik strome van lig heeltemal om die aarde sou skyn."—*„Life Sketches," bls.* 125.

Hierdie voorspelling is letterlik vervul, want sedert daardie tyd het ons leesstof tot die uithoeke van die aarde gegaan, en waar dit gegaan het, het ons die vrug daarvan gesien.

Die uiteindelike oorwinning van die Reformasie is grotendeels toe te skrywe aan die drukpers. Dit skyn asof die drukkuns deur die voorsienigheid van God gekom het om in die spesiale behoefte van die tyd te voorsien. Van die adventbeweging sê die Gees van profesie: „Die boodskap moet na alle nasies, tonge, en volke gaan; leesstof in baie verskillende tale, moet rond gestrooi word soos herfsblare."—*„Testimonies," Deel IV, bls.* 79. Die miljoene boeke, traktate, en tydskrifte wat van die drukperse van die advent volk gaan na die hele wêreld, maak grotendeels die „luide stem" uit van die derde-engelboodskap.

Die uitgee van so'n lewegewende middel verdien waarlik die heelhartige ondersteuning van elke kerk, groep, en afgeleë gelowige in die adventbeweging. Die verspreiding van die leesstof wat van ons drukperse kom moet deur die kerklede geskied. Die drukperse doen hulle werk,—daar is leesstof in oorvloed en mense orals, in alle stande en beroepe, wag om dit te ontvang; maar die middels om hulle te bereik, die kanale deur wie die kontak moet gemaak word moet grootliks uitgebrei word. Die groot behoefte van die uur is aan manne en vroue orals om in aanraking te kom met die mense, om te verseker dat die lewegewende stroom nie opgedam sal word as dit by hulle langs verby vloei nie, maar dat dit deur hulle net so ryk en vol na die mense toe sal vloei, as wat dit van die drukperse na die kerk vloei. Die invloed van hierdie leesstof sal nie ten volle besef word voor dat die werk afgedaan is nie.

❂ ❂

# Die Vliegbasis

J. G. SLATE

ONS name verskyn nie dikwels in druk nie, maar die vlieglus het ons ook beetgepak, saam met die res, en vlerke gegee aan ons gedagtes—daarom hierdie boodskap. Die gedreun van die masjinerie in ons ore dag na dag, maak die werk hier maar baie eentonig. Dit is nie eintlik besielend om te staan en kyk hoedat die gedrukte blaaie met eentonige reëlmatigheid van die perse val nie. Om kas na kas boeke en pak na pak tydskrifte af te stuur, is nie eintlik romanties nie, is dit? Maar ons word ook soms deur romanse beetgepak. Hoe? Deur die rapporte van die eskaderleiers in die veld. Waar ons van die wonderbare oorwinnings van tyd tot tyd hoor; van die spannende bomaanvalle op vyandelike vestings; en van die slae wat ons vliers lewer, dan verbly ons ons by die gedagte dat dit die manne by die vliegbasis is wat die ammunisie vervaardig. Ons is dus gelukkig in die deeltjie wat ons bydra in die groot werk om die evangelie tot oorwinning te help. Ons voel dat die tyd daar is vir die leke om 'n groter deel te neem aan die leesstofbediening. As *elke* blanke leser van die OUTLOOK maar slegs 5/- se waarde aan leesstof elke maand verkoop, sal dit 'n vermeerdering van £6,000 per jaar beteken

(*Vervolg op bladsy 6*)

**ONS LEESSTOF BRING BAIE SIELE IN DIE WAARHEID**

# The "Force" that Gives Wings to the Gospel

## Cheerio-grams From Our Aviators in the South African Conference.

1. D. D. Toerien.—"Thirteen years in the literature ministry have strengthened my faith in the printed page as an ever-increasing power in evangelism."
2. F. de Beer.—"I feel that the literature ministry is one of the finest vocations a man could be called to—and I greatly enjoy it."
3. W. A. Retief.—"I have tasted the joys of the literature ministry for several years and scattered the leaves of truth far and wide."
4. C. S. Pike.—"Continuous service for over six years has convinced me that there is no higher work than evangelistic canvassing."
5. A. A. M. Aucamp.—"As the newest recruit in the 'force,' I realise the high calling of the colporteur evangelist and gladly dedicate my life to this noble work."
6. Mr. and Mrs. A. v. d. Berg.—"We are in partnership in the literature ministry, and we truly believe that it is one of the most important branches of the present work."
7. G. H. Liquorish.—"I rejoice that I have the privilege of taking to others the truth that brought such comfort and hope to me."
8. Nurse J. Sergel.—"By the grace of God I have been able to carry on my work in spite of physical handicaps. This has brought many a rich blessing to me and guided several souls into the truth."
9. J. J. Oosthuizen.—"I believe that our literatutre can reach any and every class of people, and I am glad to have the privilege of introducing it to souls in darkness."
10. W. Fowler.—"Taking the printed message into the homes gives one a rich spiritual uplift. It is truly a sacred work."
11. S. Venter.—"I joined early in 1933 and have had some wonderful experiences which have strengthened my faith in the power of the printed page."
12. P. J. A. Haarhoff.—"It is wonderful how the Lord leads us in this literature ministry."
13. Miss P. E. Willmore is the guiding hand at the Religious Book Depository, Bloemfontein. The men of the literature ministry greatly appreciate the kindly efficient service she always renders them and the deep, earnest interest she manifests in the work of this department.
14. L. V. Shone.—"I consider the literature ministry a splendid evangelising agency in which I am happy to have a part."
15. Miss M. Ward is Miss Willmore's able lieutenant. She is happy to have a part in this blessed ministry.
16. H. J. Schoeman.—"I believe that our literature has a definite message for this mighty hour and I am thrilled to have a part in circulating it."
17. J. F. Jonker is still battling along in spite of reverses. His courage is good and his aim high.
18. F. C. Jonker.—"If there is one work I enjoy more than any other, it is the work of a colporteur evangelist."
19. Mrs. J. A. de Meyer is a Crisis Series worker of long standing whom the Lord has used to guide many to a knowledge of the truth.
20. Danie Ficker met with a serious accident while on active service for the Lord last February. His spine is injured and the doctors have pronounced him incurable. Our young comrade's sweet Christian courage and resignation have enriched the experience of all who have visited him at the hospital. We solicit for him a place in your daily prayers.
21. Mrs. M. van Rooyen loves giving some of her time to the Lord in faithful canvassing for the *Signs* and *Tekens*. Her efforts have been richly blessed.
22. J. G. Geyer.—"I rejoice in the victories won yearly through this great ministry."
23. D. A. de Beer has seen considerable service, and is busily and happily engaged in penetrating outlying areas with the pages of truth.
24. J. A. Hall.—"I find more joy in helping souls to a knowledge of the truth than in any other work I have ever done."
25. H. C. Roberts.—"I have a firm faith in the efficacy of our books and have been abundantly blessed since giving myself to this ministry."

**No Photos**

Mrs. M. Hoyer.—"I find great strength and happiness in the ministry of the printed page in which I have laboured as a part-time worker for many years."

C. J. Jonker.—"I believe one hundred per cent in the statement that 'our publishing work was established by the direction of God and under His special supervision.'" (Photo sent was too much exposed to reproduce.)

E. W. Marter.—"I am a firm believer in the power of this ministry to bring men to the Saviour."
(We regret having no photo of this member of the literature ministry who is doing such fine work among the business and professional men in Johannesburg with "This Mighty Hour.")

## The Base Aerodrome

(*Continued from page 2*)

Aviation Department—may their wings never grow weary as they bravely bear the truth in printed form to the people of Southern Africa.

"Our publications are instrumental in bringing as many souls to Christ as the preached Word."

"The greatest public benefactor is the man who sells good books."

## We Triumph

(*Continued from page 9*)


opposition melted away, and as I came to take my departure the leader of the group said, "This man is a man of God, we must not let him go from this house until he has offered prayer to God for us all." I gladly did this and thanked my heavenly Father for the opportunity, and also for His goodness in breaking down the opposition of these people. I parted from the group in a most friendly way and they asked me to come again.

"Now thanks be unto God, which always causeth us to triumph in Christ, and maketh manifest the savour of his knowledge by us in every place." 2 Cor. 2:14.

As men of the literature ministry, let us always remember that we are a savour of death unto death, or life unto life. May God grant that we shall always live and work so that we shall be an influence for good in the lives of those we meet.

"To put a good book in a home is to plant into it a permanent civilising force. Sell books as diligently as you preach sermons."—*Wesley.*

**"GOD HAS ORDAINED THE CANVASSING WORK"**



KEY TO PHOTOS ON PAGE 4, ENGLISH; PAGE 6, AFRIKAANS.

# Die Korps Wat Vlerke Verleen aan die Waarheid

## Groete-boodskappe van ons Vlieniers in die S. A. Konferensie

1. D. D. TOERIEN.—„Dertien jaar in die leesstofbediening het my geloof versterk in ons boeke, as 'n altyd-toenemende krag in die evangelieverkondiging."
2. F. DE BEER.—„Ek voel dat die leesstofbediening een van die edelste beroepe is—en ek geniet dit baie."
3. W. A. RETIEF.—„Ek het die vreugde van die leesstofbediening vir 'n aantal jare gesmaak, en het die blaaie wyd en syd versprei."
4. C. S. PIKE.—„Ses jaar se onafgebroke diens het my oortuig dat daar ‚geen edeler werk is as die van kolporteur-evangelis nie.'"
5. A. A. M. AUCAMP.—„Ek is die jongste rekruut en besef die hoë roeping van die kolporteur-evangelis. Blymoedig wy ek my lewe aan hierdie werk."
6. MNR. EN MEVR. A. V. D. BERGH.—„Ons werk saam in die leesstofbediening en is oortuig dat dit een van die belangrikste takke van die werk is."
7. G. H. LIQUORISH.—„Ek is bly dat ek die geleentheid het om die waarheid, wat hoop en vertroosting aan my gebring het, aan andere te bring."
8. VERPLEEGSTER J. SERGEL.—'n Geduldige volharding in die leesstofbediening, ondanks liggaamlike ongesteldheid, het ryke seëninge aan haar besorg, en 'n aantal siele in die waarheid gebring.
9. J. J. OOSTHUIZEN.—„Ek glo dat ons leesstof enige en elke klas van persoon kan bereik, en is dankbaar vir die voorreg om dit aan siele in duisternis te kan bring."
10. W. FOWLER.—„Om die boodskap in drukvorm na die mense in hul huise te neem, is geestelik verheffend—dit is voorwaar 'n heilige taak."
11. S. VENTER.—„Ek het vroeg in 1933 aangesluit en het sedertdien ondervindinge gehad wat my geloof in ons boeke versterk het."
12. P. J. A. HAARHOFF.—„Dit is wonderlik hoe die Here ons lei in die leesstofbediening."
13. MEJ. P. E. WILLMORE bestuur sake by die Godsdienstige Boekdepôt, Bloemfontein. Die manne van die leesstofbediening stel haar vriendelike, doeltreffende diensvaardigheid hoog op prys. Hulle weet dat hulle kan reken op haar diepe belangstelling in die vooruitgang van die werk van hierdie departement.
14. L. V. SHONE.—„Ek beskou die leesstofbediening as 'n uitstekende middel om die evangelie te versprei."
15. MEJ. M. WARD is Mej. Willmore se bekwame helper. Sy is bly dat sy 'n deel het in hierdie geseënde bediening.
16. H. J. SCHOEMAN.—„Ek glo dat ons leesstof 'n bepaalde boodskap vir hierdie uur het en met blydskap sirkuleer ek dit."
17. J. F. JONKER veg nog voort ten spyte van teenspoed. Hy is nog goedsmoeds.
18. F. C. JONKER.—„As daar 'n werk is wat ek meer geniet as enige ander, dan is dit die van 'n kolporteur-evangelis."
19. MEVR. J. A. DE MEYER verkoop al vir jare die „Krisis" reeks. Die Here het haar gebruik om baie tot 'n kennis van die waarheid te bring.
20. DANIE FICKER is ernstig beseer in 'n motorongeluk laas Februarie terwyl hy op aktiewe diens vir die Meester was. Sy ruggraat is sodanig beseer dat geen aardse geneesheer hom kan help nie. Onse jong kameraad se soete Christelike berusting en moed tref almal wat hom aan die hospitaal besoek. Ons versoek u dringend om vir hom te bid.
21. MEVR. M. VAN ROOYEN.—Dis vir haar 'n genot om 'n deel van haar tyd te bestee aan die werwing van intekenaars vir die *Tekens* en die *Signs*. Die Here seën haar pogings ryklik.
22. J. J. GEYER.—„Ek verheug my in die oorwinnings wat hierdie bediening jaarliks behaal."
23. D. A. DE BEER het al baie diens agter die rug en is nou besig om afgeleë dele binne te dring met ons leesstof.
24. J. A. HALL.—„Dit gee my groter vreugde om siele te help tot 'n kennis van die waarheid, as om enige ander werk te doen."
25. H. C. ROBERTS.—„Ek glo vas in die doeltreffendheid van ons boeke en het ryke seëninge ontvang sedert ek my lewe aan die bediening gewy het."

**GEEN FOTO'S**

MEVR. M. HOYER.—„Ek vind krag en geluk in die leesstofbediening waarin ek as deeltydse werker vir jare al arbei."

C. J. JONKER.—„Ek glo honderd persent dat ‚ons drukwerk onder direkte leiding van God tot stand gekom het en onder Sy spesiale sorg is.'"

E. W. MARTER.—„Ek glo vas aan die mag van hierdie bediening om manne en vroue tot die Heiland te bring.

## Sambesi Unie

J. B. COOKS

DIT is letterlik waar van ons naturelle kolporteurs dat hulle na die berge en rotse gaan met hul boeke. Hulle bly soms vir weke en maande weg voordat ons weer van hulle hoor. Wanneer hulle terugkom, het hulle besielende rapporte om te doen aangaande die seëninge van God wat hulle te beurt geval het in hul werk; van mense wat belangstel in die waarheid, en van andere wat smeek dat iemand by hulle moet vertoef om hulle van die laaste boodskap aan die wêreld te vertel; en van nog weer andere wat begerig is om 'n onderwyser daar te hê.

Willem is 'n betroubare kolporteur-evangelis wat die mense leer net wanneer hy die geleentheid kry. Een dag het hy teruggekeer uit die bos en ons vertel van 'n ou kaptein en sy mense wat met belangstelling geluister het na die waarheid, en wat net soveel boeke gekoop het as wat hulle kon betaal. Hulle wou weet waarom ons nie eerder iemand gestuur het om hierdie dinge aan hulle te vertel nie. Hulle het hom gesmeek om te bly en hulle nog meer te vertel. Hy kon maar net 'n paar dae bly, maar hy het hulle belowe om weer te kom en hulle nog meer te vertel.

Johannes, 'n ander getroue kolporteur, het 'n man ontmoet wat so gretig was om die waarheid te hoor dat hy hom die helfte van die nag wakker gehou sodat hy die dinge kon hoor wat hy nog nooit tevore gehoor het nie. Hy het Johannes gesmeek om hom weer te besoek.

Hierdie getroue manne in die leesstofbediening neem, behalwe hul fietse, niks meer as die dissipels van ouds as hulle uitgaan nie, en hulle moet vir myle in die bloedige son ry oor sanderige paaie totdat hulle by 'n kafferstatjie of naturelle reserwe uitkom.

Ek glo dat daar vir hierdie manne van die leesstofbediening, wat hulleself so opoffer, 'n kroon weggelê is. Sal u nie, broeders en susters, aan hulle gedenk nie en bid dat die God van genade diegene wat so getrou vir Hom werk, sal seën nie?

## Die Vliegbasis

(*Vervolg van bladsy 3*)

—en ook 'n wins in siele, want niemand twyfel daaraan nie dat ons leesstof baie vrugbaar is in die wins van siele.

U kan gerus wees ons sal nooit die Lugvaart Afdeling in die steek laat wat be-

(*Vervolg op bladsy 12*)

**ONS BOEKE MOET SOOS HERFSBLARE VERSPREI WORD**

# Our "Force" In The Mission Fields

## Zambesi Union

J. B. COOKS



Our native colporteurs in the Zambesi Union take their books and literally go out in the "mountains," the "holes of the rocks," and the bush, sometimes remaining away for weeks, and even months, before they are heard of again. When they return to the office, they have inspiring tales to tell of the way the Lord is blessing them in their work; of souls they have interested, and of others who plead for someone to stay with them and tell them about the last message for the world; and of yet others who wish us to send them a teacher.

William is a faithful colporteur evangelist, who teaches the people whenever he gets an opportunity. One day he returned from the bush and told of an old chief and his people who eagerly listened to the truth as he told them of it, and were glad to buy as many books as their meagre supply of money would allow. They asked why we had not sent someone to tell them of these things before. They begged him to stay and teach them more. He could stay a couple of days at most, and when he left it was with the promise that he would bring more books, and tell them more of the old, old story.

Johannes, another faithful colporteur, met a man who, in his eagerness to know of the truth, kept our colporteur awake half the night telling him things he had never heard before, and pleaded that he be visited again.

These faithful men of the literature ministry go out with no more than the disciples had of old when they went out on their missionary tours, except their bicycles, on which they have to travel in the heat of the African sun for miles at a stretch through sand and bush until they strike a native village or reserve.

I believe there is a glorious crown awaiting these self-sacrificing, faithful men of the literature ministry. Will you not, dear brother and sister, uphold their hands as they labour on, and pray that the God of all mercies may bless these loyal servants, who labour for Him?

## South African Mission Field

A. A. PITT

The sale of native literature in the various languages in this field is very encouraging. Since the Transvaal-Delagoa and the Kaffirland Fields have been amalgamated, the total value of books sold for one year and nine months is £2,375-16-3 while the total for the native *Signs of the Times* is £405-6-2, making a grand total of £2781-2-5. When we consider that the highest priced books sell at 6/6, we get some idea of the many thousands of truth-laden books and papers which have been placed in the hands of the people during this brief period.


While a large proportion of the sales are made in the thickly populated area of the Rand, many of these books are carried to various parts of South Africa and the adjacent countries, when natives return to their homes periodically—this is the common practice.

Surely a rich harvest of souls will be reaped as a result of this seed sowing.

We have had some difficulty in securing regular colporteurs, although we are glad to say that we now have some good men in the field.

At the close of the Spion Kop Institute in November, eight students are going out to canvass for scholarships and *five graduates are entering the canvassing work.* Last year two students gained full scholarships.

We look forward to finishing the year strongly in the literature ministry of this field. The Lord has greatly blessed this important branch of His work.



SOUTH AFRICAN MISSION FIELD FORCE

*(Left)* A. A. Pitt and Miss Dawkins. *(Centre)* F. M. Sec. Tsukudu and Colporteurs. *(Right)* Field Missionary Secretary Giving Canvass.

❂ ❂

"The publishing work has been and always will be the entering wedge for every line of work."—*C. H. Watson.*

❂ ❂

"A great work is silently going on through the distribution of our publications."

## South East African Union

H. M. SPARROW.

The winds of fortune are not too favourably set for the progress of the printed page in Nyasaland at present. While the men of the literature ministry have winged the gospel on in a most commendable way in this field, by means of booklets and tracts, the big obstacle to greater progress is the very limited purchasing power of the native population. The purchase of even a shilling book to them is an anxious problem and one not always readily solved.

Another difficulty is the illiteracy of a large proportion of the natives off the beaten track. We have a splendid body of conscientious colporteur-evangelists, however, and when circumstances prevent them from making a sale they will often spend considerable time in telling the old, old story by word of mouth. In this way they have raised up a wonderful interest in the "hedges" as well as the "highways." Sometimes, after having persuaded a native who has a smattering of education to purchase a book, they will stay with him for a while to coach him in his study of the book so that he can later teach it to his fellow villagers.

This brave little band of self-sacrificing men can earn but a bare pittance from the sale of our literature but, notwithstanding the privation they experience, they go cheerily on with their work. It is truly a labour of love with them, and it inspires one's heart to hear them testify to the precious blessings they enjoy in their ministry.

No human author will ever be able to print an accurate account of the wonderful trophies being won daily for the coming kingdom by the men of the literature ministry. Only the annals of heaven will reveal the magnitude of their labours and its fruitage. And only heavenly beings are able to make a true reckoning of the self-denial, the fortitude, and the patient forbearance, of a body of men whose ministry is beyond the ken of our laity, and many of our workers too.

If ever any body of workers should have the prayers, the love, and the whole-hearted support of our people the world around, it is the men and women who have given their lives to the ministry of the printed page.

❂ ❂

"The colporteur goes to open the door for the pastor."—*W. H. Rainey.*

"OUR PUBLICATIONS SHOULD GO EVERYWHERE"

# 'n Skitterende Onuitwisbare Rekord

DIE Godsdienstige Boekdepôt, te Bloemfontein, bedien vyf-en-dertig kerke, asook 'n aantal groepe en afgeleë gelowiges in die Suid-Afrikaanse Konferensie. Behalwe die leesstof wat deur ons kerke, en afgeleë gelowiges verkoop word, en wat ongeveer £120 per maand opbring, het ons nog 'n korps kolporteur-evangeliste, bestaande uit die volgende:

| | |
|---|---|
| Gereëlde kolporteurs | 21 |
| Deeltydse kolporteurs | 12 |
| Studente kolporteurs | 17 |

Die Boekdepôt was hierdie jaar tot dus ver nog selfonderhoudend gewees, en sonder skuld—dank sy die medewerking van ons getroue kolporteurs.

Ons beskou dit as 'n voorreg om so'n edele korps werkers as die manne en vroue van ons leesstofbediening te dien, beide in die kerke en in die veld. Ons landkaart toon aan dat ons verteenwoordigers van die grense van Rhodesië tot aan die Kaapse Skiereiland, van die ooskus tot die weskus, en dwarsdeur die binneland van Suid-Afrika versprei is.

